**NOMINASIES WORD INGEWAG VIR DIE VOLGENDE HOOFREGTER VAN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA**

**Inleiding**

1. Die termyn van die huidige hoofregter, Mogoeng Mogoeng, verstryk op 11 Oktober 2021.

2. Artikel 174(3) van die grondwet magtig die president om die volgende hoofregter aan te stel na oorlegpleging met die Regterlike Dienskommissie en die leiers van daardie politieke partye wat in die Nasionale Vergadering verteenwoordig word.

3. Ingevolge die grondwet, is die hoofregter *"die hoof van die regbank en oefen verantwoordelikheid uit oor die vestiging van en monitering van norme en standaarde vir die verrigting van die regterlike funksies van alle howe".*

4. Die hoofregter is daarvoor verantwoordelik om leiding te gee in die skepping van regsgeleerdheid as voorsitter van verrigtinge in die Konstitusionele Hof. Hy of sy is ook verantwoordelik vir die opstel en toesig van die handhawing van die standaarde vir die uitvoering van die geregtelike funksies van ons howe, en om as voorsitter van die Regterlike Dienskommissie op te tree.

**'n Oopproses wat die publiek betrek**

5. Om deursigtigheid te bevorder en publieke deelname moontlik te maak, het president Ramaphosa besluit dat Suid-Afrikaners genooi moet word om deel te neem aan die keuse van die volgende hoofregter.

6. Die president **doen dus 'n oproep om nominasies van kandidate vir hoofregter**. Ons glo dat 'n hoofregter 'n bewese rekord moet hê dat hy of sy die respek en ondersteuning geniet van die lede van die professie van waar hy of sy kom, sowel as van die algemene publiek.

7. In die nominasies moet die redes uiteensit word waarom die genomineerde geskik geag word om ons volgende hoofregter te wees, sowel as sy of haar ervaring as 'n regspraktisyn, insluitend enige ondervinding as 'n regter, en as 'n leier.

8. Verder moet nominasies vergesel wees van die onderskrywing en ondersteuning van ten minste een professionele liggaam van regspraktisyns, nieregeringsorganisasie wat in die veld van menseregte of 'n ander regsveld werk.

9. Die lys van genomineerdes sal openbaar gemaak word.

**‘n Paneel wat ‘n kortlys van genomineerdes moet saamstel**

10. Nadat die nominasies ontvang is, sal ‘n paneel van hoog aangeskrewe persone wat oor die nodige ervaring beskik, ‘n kortlys van tussen 3 en 5 kandidate opstel. Die paneel sal besluit hoe om die kortlys oop en deursigtig, en so spoedig moontlik, saam te stel.

11. Die paneel sal bestaan uit Navi Pillay, voormalige regter van die Internasionale Geregshof en die Verenigde Nasies (VN) se Hoë Kommissaris vir Menseregte, as voorsitter, die Minister van Justisie en Korrektiewe Dienste, Ronald Lamola, die voormalige Minister van Justisie, Jeff Radebe, die voormalige Openbare Beskermer, adv. Thuli Madonsela, die medevoorsitter van die Suid-Afrikaanse Nasionale Vigsraad, me. Mmapaseka Steve Letsike, en ‘n professor in die regte aan die Howard University School of Law, professor Ziyad Motala.

12. Die president sal besluit watter kandidate van die kortlys wat aan hom voorgelê word deur die paneel van voortreflike persone, verwys sal word vir konsultasie na die Regterlike Dienskommissie en die leiers van politieke partye wat in die Nasionale Vergadering verteenwoordig word.

13. Alle nominasies met ondersteunende dokumentasie moet gestuur word na **angeline@presidency.gov.za** en **cjnominations@gcis.gov.za** teen 1 Oktober 2021. Dit moet die volgende insluit:

    13.1. ‘n Nominasiebrief, insluitend die kontakbesonderhede van die nomineerder;
    13.2. Die genomineerde se aanvaarding van die nominasie sowel as hul kontakbesonderhede;
    13.3. Briewe ter ondersteuning van die nominasie, insluitend die kontakbesonderhede van persone of entiteite wat die nominasie ondersteun, insluitend ten minste een ondersteuningsbrief van ‘n professionele liggaam van regspraktisyns, nieregeringsorganisasie wat in die veld van menseregte of ‘n ander regsveld werk; en
    13.4. Enige addisionele dokumentasie wat die persoon wat die kandidaat vir hoofregter nomineer, nodig mag ag.

14. Alle nominasies en ondersteunende dokumente (behalwe persoonlike inligting) sal teen 4 Oktober 2021 op die webblad van die presidensie openbaar gemaak word.

15. Enige besware teen die genomineerdes moet skriftelik gemotiveer word, en na bogenoemde e-posadres gestuur word teen, op die laatste, Vrydag 15 Oktober 2021.

16. Daar sal van die paneel verwag word om teen Vrydag 29 Oktober 2021 aan die president terug te rapporteer. Hy sal dan daarna met die Regterlike Dienskommissie en die leiers van politieke partye wat in die Nasionale Vergadering verteenwoordig word, konsulteer.